NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Die opskrif is 'n vraag – die leser moet aan 'n antwoord dink.
(Die kandidaat word NIE gevra om die vraag van die opskrif te beantwoord nie, maar die vraag in die vraestel – die leser word betrek deur die vraag van die opskrif deur 'n antwoord te bedink.)

1.1.2 Die **dinge/onderwerpe** in die fotoboekies wat die skrywer opval, soos die verleidelike vroue, dui **ontwikkeling** aan: hy is nie meer 'n kind nie, maar is besig om groot te word.
[Een punt vir die **inhoud** van wat die seun opmerk in die boekies; een punt vir die **kontras** tussen kindwees en grootword – dit gaan hier oor 'n proses, nie 'n toestand nie.]

1.2 Jy is desperaat/moedeloos/bekommerd/Jy weet nie wat om te doen nie.

1.3 Hy kan nie letterlik sy hande in sy hare sit nie, want op die dele van sy kop waar daar nog hare is, is dit baie kort gesny.

1.4 Uitdruk/vasvang
(Oorweeg ander antwoorde.)

1.5 'n Bekende Afrikaanse uitdrukking word direk in Engels vertaal (om te demonstreer hoe laf dit in Engels klink/dat Engels nie sulke uitdrukkings het nie). (Gedeelte tussen hakies is onnodig vir die punt, maar gee meer konteks vir die nasiener.)

1.6 "Geknip" suggereer dat heelwat gesny word; "geknip-knip" suggereer dat min gesny word.

1.7 Die dubbelpunt dui aan dat 'n rede/meer inligting verskaf word wat verduidelik hoekom die skrywer graag na die haarsalon gegaan het . (Een punt vir die generiese inligting oor hoekom die dubbelpunt gebruik word; een punt vir die kontekstualisering van die dubbelpunt.)

1.8 Teenwoordige deelwoord: **springende**; verlede deelwoorde: **gekleurde**; **gebalde** (enige TWEE vir 1 punt – daar MOET TWEE wees vir die punt – geen punt indien slegs een gegee word of slegs een korrek is nie. Kandidate word nie gevra om tussen teenwoordige en verlede deelwoorde te onderskei nie – hulle moet slegs twee deelwoorde neerskryf). Die deelwoorde bied **dramatiese beskrywings** wat die aantrekkingskrag van die fotoboekies beklemtoon (tweede punt).

1.9 Die kleur rooi is **opvallend** en sal lesers (moontlik ook kopers) se aandag trek . Daarby suggereer dit **gevaar**, wat die belangstelling verhoog .

1.10 Alle mans is sterk en gespierd; alle vroue tree op soos hulle haarkleur suggereer. Die woord "elke" wys die stereotipering uit (veral omdat dit herhaal word) .

IEB Copyright © 2023

1.11 Ongeërg; argeloos; sonder om ag te slaan op die gevaar
(Oorweeg ook ander antwoorde.)

1.12 Die parentese bied ekstra inligting aan oor hoe ongerieflik dit vir hom was om op te hou lees / suggereer 'n ongewenste onderbreking (nut: 1). Die effek van hierdie inligting is om aan te toon dat hy nie kon uitvind hoe die avontuur eindig nie – dit druk sy verontwaardiging uit (effek: 1).

1.13 1.13.1 Wanneer my ma sê dat sy die tannie volgende week weer (sal) sien ...
Wanneer my ma vir die tannie sê dat sy haar volgende week weer (sal) sien ...
Wanneer my ma sê dat ons die haarkapster volgende week weer (sal) sien ...
(Oorweeg ook ander korrekte stelwyses.)

1.13.2 Eie antwoorde
Voorbeelde van moontlike antwoorde:
Direkte rede: Dit maak die teks meer dramaties/outentiek om die ma se woorde aan te haal. / Dit is meer woordekonomies. / Dit is minder lomp as die indirekte rede.
Indirekte rede: Dit verskuif nie die fokus weg van die skrywer af nie.
[Punt word slegs vir die **verduideliking** van die keuse toegeken.]

1.14 Hy wil die kontras beklemtoon tussen die plesier van die boekies en sy pa se streng opdrag dat hy sy hare by die barbier moet laat sny en nie by die salon nie./Dit druk sy teleurstelling uit.

1.15 Metingskaal vir 3 punte
Verwagte inhoud:
Die skrywer verwys in hierdie paragraaf terug na twee belangrike elemente in sy rubriek: die openingsparagraaf met die uitdrukking "hande in die hare", asook die plesier van die fotoboekies in die haarsalon – hoewel die fotoboekies nie spesifiek genoem word nie, suggereer die verwysing na die boekrakkie sy herinnering aan die boekies in die salon. Sodoende trek hy al die drade van die rubriek saam in 'n netjiese en bevredigende slotparagraaf.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 2

2.1 "vergete geraak"/"in onbruik verval"/"uit die mode geraak"/"verdwyn" [Oorweeg ander antwoorde ook]

2.2 Elkeen fokus op EEN van die twee Afrikaanse speletjies./korter paragrawe word deesdae in koerante gebruik om leesbaarheid te verhoog.

2.3 Van Huyssteen gebruik die **metafoor** van 'n motor om die dele van die speletjiesprogram te beskryf . Die woorde tussen hakies gee die **letterlike** rekenaarterme . (Let wel: dit is NIE ekstra inligting nie. Oorweeg egter ander maniere van verduidelik; 'n kandidaat wat nie die kontras tussen metafories en letterlik uitspel nie, kan steeds krediet kry as die verduideliking as ryk genoeg beskou word.)

2.4 As spelers enige kombinasies van letters kan invoer, sal dit die speletjie te maklik maak.

2.5 Dit beteken dat jy iets verkeerd getik het op jou foon / tablet / rekenaar.

2.6 Gravis (nè); akuut (en wás ek vies ...); koppelteken (vyfletter-woordspeletjie); afkappingsteken ('n);

(Oorweeg ook ander skryftekens en relevante voorbeelde, maar slegs voorbeelde wat uit die teks self kom.)

2.7 In minder as twee jaar sal al hierdie woorde reeds gebruik wees .

2.8 'n Vierletterwoord is gewoonlik 'n vloekwoord of 'n kru woord.

2.9 2.9.1 Die ontwikkelaars het albei speletjies in Februarie bekend gestel ... (Let op: die kandidaat moet 'n **onderwerp** vir die sin invoeg. Kandidate sal moontlik nie uit die konteks aflei dat dit juis **die ontwikkelaars** was wat die bekendstelling gedoen het nie – hulle mag **enige onderwerp** invoeg wat moontlik korrek kan wees in die konteks, soos "hulle" of "die mans" of iets soortgelyks.)

2.9.2 Eie antwoorde
Voorbeelde:
Bedrywende vorm: plaas klem op die mense wat krediet moet kry vir die speletjies.
Lydende vorm: plaas klem op die speletjies; aangesien die speletjies die onderwerp van die sin word, lees die sin as geheel makliker. As die bedrywende vorm gebruik word, sal die hele sin verderaan anders geformuleer moet word, wat 'n langer en lomper sin tot gevolg sal hê. Koerantskrywers streef na woordekonomie en korter, leesbare sinne.

2.10 Teks 1 bevat die skrywer se eie herinneringe en fokus op sy binnelewe.
Teks 2 bevat feite wat die skrywer versamel het deur met ander mense te praat – daar word glad nie op die skrywer self gefokus nie.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Baie swak
10	8	6½	5	3
9	7½	6	4½	2
8½	7	5½	4	1

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

Uitstekend: Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle relevante inligting suksesvol uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

Goed: Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies**. Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

Gemiddeld: Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie**. Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van vol sinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

Ondergemiddeld: Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

IEB Copyright © 2023

Baie swak: Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

2022B-opdrag: Die geskepte teks moet in onderhoudformaat aangebied word. Daar moet vier vrae gestel word aan die Suid-Afrikaanse bergklimmer Cathy O'Dowd, en haar antwoorde moet aangegee word. Die vrae en antwoorde saam moet tussen 100 en 110 woorde beslaan.

Belangrik:

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie. Hulle hoef egter nie al die feite in die teks te gebruik nie – daar is te veel. Hulle seleksie behoort daarop gerig te wees om interessante feite omtrent Cathy O'Dowd oor te dra.

Voorbeeldantwoord:

VRAAG 1: Wanneer het jy jou passie vir bergklim ontdek?
ANTWOORD: Vanaf my universiteitsdae het ek geweet dis my lewe.

VRAAG 2: Wat was jou belangrikste loopbaanhoogtepunte?
ANTWOORD: Ek was die eerste vrou wat die piek van Everest van beide kante bereik het. Ek het 'n hondeslee-ekspedisie na die noordelikste punt van Europa saam met Rona Cant en Per Hansen onderneem.

VRAAG 3: Was daar enige laagtepunte?
ANTWOORD: In 1995 het 'n sneeustorm ons aanslag op die Everest-piek gedwarsboom. In 1998 het ek 'n vroueklimmer voor die kruin van Everest probeer help en moes omdraai.

VRAAG 4: Met wie deel jy hierdie passie?
ANTWOORD: My man was die leier van die eerste Everest-eskpedisie en ons doen alles saam.

(106 woorde – "Vraag x" en "Antwoord" is nie ingetel nie.)

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

Vlak	1	2	3	4	5	6
Punt	1	2	3	2	1	1

IEB Copyright © 2023

AFDELING B DIGKUNS

Belangrike nota aan die nasiener: Oorweeg telkens ander moontlikhede soos deur die kandidate geopper – merk doelbewus wyer as die moontlikhede wat in hierdie nasienriglyne aangeteken word. Gee krediet aan ander stelwyses en alternatiewe interpretasies, solank dit sin maak in die konteks van die gedig.

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

4.1 Die kind beskou sy ouers as gesagsfigure wat onderwerp moet word sodat die sosiale struktuur verander/verbeter kan word./Die kind neem die ouers kwalik omdat hulle die onderdrukking net aanvaar het en nie in opstand daarteen gekom het nie .

4.2 Enersyds anker dit die gedig en die gebeure in 'n konkrete ruimte (Suid-Afrika) ; andersyds dui dit daarop dat die gebeure nie tot 'n enkele plek (soos gesuggereer in die titel) beperk is nie.

4.3 Metingskaal vir 3 punte
Verwagte inhoud:
Die kind word eers gesien as oral betrokke in sy eie omgewing ("alle vergaderings en wetgewings"), maar groei stelselmatig uit tot 'n universele simbool van die opstand teen ongeregtigheid soos gesien in die verwysings na "die ganse Afrika" en "die hele wêreld". Hierdie progressie toon dus die groeiende simboolwaarde van die kind aan, spesifiek die trefkrag van sy dood.

4.4 Die verwysing na die "pas" beklemtoon een van die kernpunte waarteen mense in 1960 betoog het: die dokument wat hulle moes saamdra om te wys dat hulle toestemming gehad het om te wees waar hulle voorgekeer is.

4.5 Metingskaal vir 3 punte
Moontlike inhoud:
Ja – hedendaagse studente moet meer weet oor Suid-Afrika se geskiedenis om te keer dat die vergrype ooit weer voorkom.
Nee – die gedig is verouderd en daar is ander en belangriker kwessies waaraan mense vandag moet dink.
[Aangesien hierdie antwoord met 'n metingskaal nagesien moet word, word meer uitgebreide bespreking van die kandidate verwag as die kernantwoorde wat hierbo aangedui word. **Redes** vir die voortgesette waarde van die bestudering van die gedig of **redes** waarom die veroudering die gedig diskwalifiseer, moet in die uitgebreide paragraafantwoord opgeneem word. Ander redes vir die antwoorde moet ook deur die nasiener oorweeg word: die memorandum is nie hiermee afgesluit nie.]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

5.1 Venus is 'n godin; daar is mense wat dieselfde van Marilyn Monroe glo. Die skildery toon Venus as 'n jong vrou, soos die foto van MM in hierdie gedig. Nóg Venus nóg MM was reeds 'n volwasse figuur van liefde en erotiek – hierdie assosiasies het eers later gekom.

5.2 MM se "eie" woorde word hier aangebied : asof die insig outentiek is en 'n leser dus die interpretasie kan glo .

5.3 Voordat MM die oorgekunstelde ikoon van haar latere jare was , was sy 'n gewone meisie wat gelyk het asof sy die lewe geniet (Dit is hierdie tweede, jonger beeld wat 'n indruk op die spreker maak, nie die geykte seksgodin nie.)

5.4 Eie antwoorde. Die gebruik van aanhalingstekens kan nie hier weer gebruik word nie.

Enkele voorbeelde:

- daar is tinte branderblou
  waar die skuimwit handdoekstof
  oor hals en skouers vou
  Die kleurbeskrywings hier is besonders en sluit aan by die plasing op die strand.
- met slaappille speel en met die see
  Die gebruik van alliterasie beklemtoon maniere waarop mense hul eie lewens beëindig; die werkwoord "speel" staan in ligsinnige kontras hiermee, asof hulle hierdie radikale stap ligtelik oorweeg. (MM het skynbaar aan 'n oordosis pille gesterf.)
- was jy 'n goue meisie rossig in die son
  Die kleurwoorde in die slotreël ondersteun die verheerliking van MM wat die spreker tog ervaar. "Goue" laat haar waardevol en mooi klink; die ongewone "rossig" sluit aan by "son" en verwys na 'n gesonde, rooierige kleur wat lewe en energie suggereer.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

6.1 Die spreker beroep hom op Bosch se skildery in 'n poging om sy ontrouheid aan sy meisie geleerd/besonders te laat klink. Bosch beeld mense se swakhede uit op satiriese manier; die spreker bely sy eie swakheid en praat op humoristiese wyse daaroor, hoewel die erns aan die slot tog duidelik en kontrasterend opklink.

6.2 Dit beklemtoon aspekte van die spreker se oortreding: hy het "Sewe Dae" lank afgedwaal van die smalle weg, en hy het vorms van "Lekker" ervaar wat hom eintlik nie beskore is nie.

6.3 Niemand kan hom raad gee om die situasie reg te stel nie, hoewel hy "desperaat" is, met ander woorde dringend graag die saak wil beredder. Sy "ghremmer staan" egter: hy kan geen tegniek opspoor om sy meisie se teleurstelling en woede te neutraliseer nie.

6.4 Eie antwoorde. Die gebruik van hoofletters kan nie hier weer gebruik word nie.

Enkele voorbeelde:

- My meisie se wange is sterkoningappels
  Die verwysing hier is na Starking appels, wat gewoonlik 'n rooi skil het. Die meisie se wange is dus rooierig, wat haar gesond en lewenslustig laat voorkom – iets wat vir die spreker baie aantreklik is (maar nie genoeg nie ...)

- 'n geitjie het my meisie dit vertel
  Enersyds sluit hierdie versreël aan by die absurde uitbeelding van menslike swakhede in Bosch se skildery: dit verleen dus 'n magies-realistiese element aan die gedig. Die woord "geitjie" kan ook na 'n kwaai persoon (veral vroulik) verwys, dalk iemand wat nie kon wag om vir die meisie van die spreker se oortreding te vertel nie. Die spreker is dus kennelik negatief oor daardie persoon.

- by predikante professore soek ek raad
  van Pontius na Pilatus vannie wal innie sloot
  Die alliterasie in hierdie twee versreëls dui die uitgebreide poging van die spreker aan om 'n oplossing vir die probleem (wat hy self geskep het!) te kry. Die kontras tussen die uitdrukkings "van Pontius na Pilatus" en "vannie wal innie sloot" dui ook op die spreker se desperaatheid: hy besef sy pogings gaan nie veel vrugte afwerp nie en hy is sy meisie se "appelgeit" kwyt.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

7.1 Die skoolhoof word as besig / energiek / entoesiasties / betrokke uitgebeeld.

7.2 Die gebruik van enjambement beklemtoon die woord "verby" in versreël 13 – die skoolhoof verwag dat hy nog dieselfde behandel gaan word as toe hy nog die skoolhoof was, maar mense probeer nie nou sy hand aanraak nie, maar iemand ander s'n. [Oorweeg ook ander antwoorde.] [Een punt vir die tegniese effek van enjambement; een punt vir hoe dit die konteks ondersteun.]

7.3 Die rymskema in strofe 1 is abacbcdd, terwyl dit in strofe 2 en 3 streng paarrym is. In strofe 1 is die skoolhoof te besig om vasgevang te word in 'n vaste rymskema, terwyl sy lewe eenvoudiger, vervelig, voorspelbaar is in die tweede deel van die gedig. (Kandidate hoef nie die rymskema tegnies aan te dui nie, maar moet wel die verskil kan bespreek, en dit dan met die inhoud in verband bring.)

7.4 In strofe 1 word spesifiek verwys na die effek van sy grappe: daar is deeglik daarvoor gelag.(die woord "lagkoor" impliseer dat baie mense vir sy grappe lag) In strofe 2 word die verkleinwoord "grappies" gebruik, wat dit verkleineer, en daarby word dit beeldryk beskryf as oud ("bebaard") en simpel of laf ("sonder sout").

7.5 Metingskaal vir drie punte
Verwagte inhoud:
Die skoolhoof was gewild en baie besig, maar na sy aftrede is hy nie meer op dieselfde manier bewonder en geag nie. Hy het skielik baie eensaam gevoel, al was die omgewing nog bekend, en dit het hom vreemd laat optree. Hy het met bordkryt op die klas se vloer begin gholf speel, soos hy voorheen gholf gespeel het om geld in te samel vir die skool. Uiteindelik het hy 'n belaglike figuur geword – mense het vergeet hoe invloedryk en belangrik hy voorheen was.

IEB Copyright © 2023

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Die seun se manier van staan (leun teen die stoel, kruis sy bene argeloos) kontrasteer met die angstige uitdrukking wat sy oë veral suggereer , iets wat hy probeer teenwerk deur sy glimlag en selfversekerde vingerswaai . [Daar word nie van die kandidaat verwag om streng te onderskei tussen die gesigsuitdrukking en die liggaamstaal nie, maar om die selfversekerde, argelose voorkoms en die suggesties van spanning of angs met mekaar te kontrasteer: elkeen kan self besluit watter visuele element watter pool van die kontras ondersteun.]

8.1.2 Die ouers is duidelik bekommerd, ontsteld en ontevrede met die toedrag van sake. Die ma se frons op haar voorkop, die manier waarop sy haar ams vou en die hand wat haar ken ondersteun ('n klassieke lyftaaluitdrukking van kritiese reaksie) toon hoe sy voel. Die pa se opgetrekte wenkbroue, grootgerekte oë en afgetrekte mondhoeke druk sy skok, ongeloof en misnoeë uit,

8.1.3 Dit maak die toneel meer huislik en menslik – dit gee 'n soort warmte aan die gesin se omstandighede.

8.2 8.2.1 Die woordspel lê in die gebruik van "hitte" en "hitte-te"/"hittete". Die seun dink die pa is ongemaklik omdat dit baie warm is, maar sy ongemak is veroorsaak deur die feit dat die seun net-net deurgekom het.

8.2.2 Die seun speel 'n rekenaarspeletjie/televisiespeletjie en kyk oor sy skouer na sy pa , asof die situasie nie sy aandag werd is nie .

8.3 Metingskaal vir 3 punte
Verwagte inhoud:
In albei spotprente is dit seuns wat akademies sukkel, nie meisies nie. In albei spotprente sit die pa in 'n leunstoel – by Fred Mouton se spotprent staan die ma eenkant, asof sy nie direk deel van die gesprek is nie. ['n Mens kan nie van die kandidate verwag om uitgebreide kennis van Mouton of Van Vuuren se spotprente te hê nie, maar nadere ondersoek sal toon dat dit meestal die uitbeelding is: 'n seun is in die moeilikheid, die pa sit op die stoel en die ma staan of loop, besig met huishoudelike take.]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 9

9.1 9.1.1 'n Mens tree "koel soos 'n komkommer" op wanneer jy 'n krisis kalm hanteer.

9.1.2 Dit gee jou gemoedsrus – wanneer 'n krisis opduik, sal jy weet jy is finansieel beskerm.

9.1.3 Die kontras prikkel die leser se belangstelling en kan selfs as vermaaklik beskou word. Al word die weer koeler, sal die veiligheid van versekering jou 'n warm gevoel gee omdat jy en jou geliefdes beskerm word.

9.2 Dit wys 'n kind en 'n vrou (moontlik die ma) wat buite speel. Dit is koud, soos in die herfs gesuggereer word, omdat hulle warm aangetrek is. Die kind geniet die situasie baie, soos uit die glimlag blyk. Versekering laat jou veilig en ontspanne voel sodat jy die herfs soos 'n kind kan geniet.

9.3 Die inligting onder die foto word in netjiese blokke verdeel, elkeen met 'n tekening wat die soort inligting verteenwoordig. Daar word dus heelwat inligting aan die leser verskaf sonder dat dit verwarrend voorkom.

9.4 Dit skep 'n gemoedelike, warm, informele atmosfeer – dit klink nie so saaklik soos wat besigheid en besprekings oor geld gewoonlik sal wees nie.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023